# *Wat Hoor Jy, Elía?*

Ek is seker ons het almal daardie wonderlike sangboodskap geniet. Synde Sondagaand, is ons bly om te weet dat die Here ons deur hierdie week geseën het in 'n magtige diens.

2 En ek het net 'n rukkie gelede gehoor van klein Ricky se pa. Hulle het hom teruggeneem na die kinderhospitaal vir die dokters om na hom te kyk. En hy het gesê net groot groepe dokters en verpleegsters het teen die trappe opgehardloop in die kamer in, en verbaas gestaan om te sien wat gebeur het met klein Ricky. Die Here het daardie kind geseën en sy liggaam genees. Hulle het hom opgegee daar, net twee of drie dae om te lewe, en hy's gesond. So ons is dankbaar daarvoor en gee beslis alle lof aan ons Hemelse Vader, dis 'n trofee van God se genade vir die menslike ras.

3 Net voor ek my kamer verlaat het, het ek gebid. . .En Filadelfia, en—en Baltimore, Maryland, en verskillende plekke wat skakel. . .In die oggend, om 'n langafstand-oproep te maak al die pad van Duitsland af, en van Switserland af, vir mense wat inskakel van om die wêreld, soos dit by die huis gaan, ensovoorts, om voor gebid te word.

4 Ons wil nou graag 'n kort aankondiging maak: dat hierdie volgende Woensdag, as die Here wil, moet ek in die middagdiens preek by die Pisgah Bybelkerk hier in hierdie stad. En ek dink dis die naam van die plek, Pisgah; Broer Smith, pastoor. Hy hou 'n diens, en hy. . .Ek gaan vir hom preek hierdie volgende Woensdagmiddag.

5 En dan, ook, die dienste weer hier Dinsdagaand; môre is 'n klein rusdaggie, God weet ek het dit nodig. En so is ons. . . Na hierdie diens gaan ek op na San Jose. En dan gaan ek oorsee op 'n lang reis deur baie verskillende nasies, om die Evangelie te verkondig. En ek wil beslis julle mense bedank, ek het nie vanmiddag geweet dat hulle 'n sendingofferande vir my opgeneem het om oor te gaan nie, ek dank julle daarvoor, dis gaaf.

6 Hier 'n tyd gelede het ek na die eilande toe gegaan, en daar het omtrent veertigduisend mense hulle harte vir Christus gegee binne nege aande. En die goewerneur van die eiland het gepraat toe ek vertrek het, en gesê watter impak dit op die mense gehad het; en gesê daar was een ding, ek vra nooit vir enige geld nie.

7 Ek het nog nooit in my lewe 'n offerande opgeneem nie, het nog nooit in my lewe nie. Maar die tiendes en dinge wat mense my gee (ek vra hulle nie eers wanneer ek oorsee gaan om my reis te betaal nie.), ek neem julle tiendes en betaal my reis, en dan weet ek dan dit word gespandeer vir die Koninkryk van God. Wanneer

ek sal antwoord by die Oordeelsdag, kan ek met 'n opregte hart sê ek het die beste daarmee gedoen wat ek geweet het hoe. En dis net wat met hierdie offers hier sal gebeur. Dankie, en, vir vanaand en vir alles wat julle gedoen het.

8 Ek noem die man Groot Mike, Hy's een van die plekaanwysers hier, hy het gesê een of ander suster was so gaaf om vir my 'n koek te bak. Ek het heeldag nie geëet nie, dit sal baie lekker wees na hierdie diens verby is. Baie dankie. Wens ek kon julle almal uitnooi, maar ek is bevrees daar sou nie heeltemal genoeg daarvan wees nie. Maar ek sê baie dankie vir jou. En die klein dingetjies wat julle doen, en julle deur mense gee, en stuur, ons waardeer dit met ons hele hart, ek en my vrou, en die kinders hier in die kerk vanaand, waardeer dit beslis met ons hele hart.

9 Met Broer du Plessis en sy mees uitstaande boodskap van hoe hy die Skrif inbring, ek's seker julle waardeer Broer du Plessis, wat by ons sal wees hierdie res van die week.

10 My seun is hier, ek noem hulle my seuns, hulle is bandopname-kunstenaars, en hulle verkoop die boeke. Nou, daardie boeke koop ons, hulle is nie ons s'n nie, ons koop daardie boeke teen veertig sent minder, vervoer hulle dan en verkoop hulle aan die mense, net sodat die Boodskap uitgaan. Mnr. Lindsay druk daardie boek. En die kêrels maak bandopnames. Hierdie twee kêrels, Mnr. Mercier en Mnr. Goad is goeie kêrels, hulle was nou al 'n geruime tyd saam met my. Een van hulle was 'n Katoliek, die ander een, ek glo nie hy het aan enige kerk behoort nie.

11 En bo in Indiana waar ek 'n groot byeenkoms gehad het, het hierdie kêrels ingekom en daardie onderskeiding gesien, so hulle het gesê: "Dis vals, dis net 'n bedrieëry, dis 'n bedrogspul, dis al wat dit kan wees." So hulle het gesê: "Ons sal daardie kêrel ontmasker."

12 So hulle het vir hulleself 'n klein FBI gemaak. Mnr. Mercier was 'n kroegman, Mnr. Goad was 'n stoom-installeerder, glo ek, of 'n ingenieur. So hulle het bymekaargekom en 'n klein FBI gevorm, en 'n yslike groot, lang baard gekweek, en na my huis toe gekom, en verbygekom en gesê: "Mnr. Branham, ons is evangeliste, ons is op ons pad onder na die suide toe."

Ek het gesê: "Dis gaaf. Ek is bly om julle kêrels te ontmoet," sovoorts.

13 In plaas daarvan het hulle afgegaan na die stad, en vir hulle 'n kamertjie gekry, en hierdie kamer gehuur, en rondgegaan en die mense gevra of die visioene eg was. Hulle het dit baie tegnies benader. So hulle, na hulle daar was vir 'n paar weke, het hulle teruggekom. Gesê: "Ons is weer op ons pad terug van die suide af, ons kom net kuier," Mnr. Mercier met 'n yslike groot baard.

14 En dit het so gebeur dat hulle net op die verkeerde tyd daar aangekom het, die Engel van die Here was in die kamer. So Dit het gesê: "Mnr. Mercier, waarom sou jy probeer om jou naam iets anders te noem, jy en Mnr. Goad?" En dit het hulle net regtig op die vloer laat neerval.

15 Ek het hulle my studente genoem van toe af, en hulle het reguit opgestaan, in die diens ingegaan. En hulle wou iets hê wat hulle kon doen in die diens. Ek het nie te veel gehad om te doen nie, want ek het nog nooit my veldtog by 'n punt laat kom na waar ek nie kan gaan na die kleinste kerkie, die nederigste mense nie. Ek het pas 'n herlewing gehou in 'n kerk wat twintig mense kon huisves. Nou, as ek 'n baie groot onkoste gehad het, sou ek dit nie kon doen nie. Maar ek wil nie hê dit moet so raak nie, ek het altyd gesê: "Ek wil nooit groot wees nie, ek wil eerlik wees."

16 En so ek . . . Hierdie kêrels maak bandopnames in die dienste, en hulle verkoop hulle net omtrent vir wat die band is, net sodat die mense die Boodskap kry. Hulle het hierdie bande, en hulle is by die boekstalletjie. En julle sou wees . . . Ons het honderde en honderde boodskappe wat gepreek is om die wêreld. En as julle graag die bandopnames wil hê, of sovoorts, of die plate, hulle het hulle ook op plate, kan julle hulle by die boekkonsessie kry.

17 Die Here seën julle grootliks. En bid nou vir my, vir môre dat ek 'n bietjie rus kry.

18 Broer David het pas 'n wonderlike Skrif hier gelees, en ek wil graag vir 'n teks neem die laaste paar Woorde—die laaste paar Woorde van die 9de vers: *Wat Hoor Jy, Elía?*

Nou laat ons ons hoofde buig vir 'n woord van gebed.

19 Ewige God, ons dank U vanaand soos ons U aanspreek as die Ewige Een vir alles wat U vir ons gedoen het, want dit is waar dat ons harte in ontsag staan wanneer ons die magtige werke van U krag sien, om te sien sonder 'n sweempie twyfel, dat ons vanaand as Christene, die enigste godsdiens het van al die godsdienste van die wêreld, wat kan bewys dat hulle Stigter lewendig is.

20 En ons is so bly vanaand, hiervoor, Here, want dit gee ons daardie volmaakte versekering en daardie rus in ons siele, dat elke Woord wat Hy belowe het, Hy steeds lewe om dit te bewys, en Hy doen dit wel. En ons is dankbaar hiervoor, dat U uit die Heerlikheid sou kom onder nederige mense soos ons is, want dis U genade en U liefde vir ons.

21 En ons wil vanaand bid, Here, dat ons nou hierdie aand opsy gesit het om 'n gebedsry te roep om vir die siekes en die behoeftiges te bid, mag daar nie een swak persoon in ons midde oor wees aan die einde van hierdie diens nie. Mag dit 'n uitermatige, oorvloedige wees, bo alles waaraan ons kan dink. Skenk dit, Here.

22 Seën hierdie kerk, hierdie Angelus Tempel, wat die getrouheid en die werk van 'n vroutjie, diensmaagd hierdie gevestig het as 'n gedenkteken van haar liefde aan U. God, seën sy pastoor, haar geliefde seun, Broer Rolf, en sy lieflike vrou, en al die onderwysers, en die pastore van hierdie groot werk, sy sendelinge op die veld, en almal wat daarmee verbind is, Here; en dit sou die hele Kerk van die lewende God insluit.

23 Seën, Here, en mag ons so 'n uitstorting van die Gees hê in hierdie volgende week, dat honderde kosbare siele hulle posisie by Gólgota sal vind. Skenk dit, Here. Versterk ons stemme. En seën ons Broer du Plessis en—en ook die ander wat help, die sangers, en almal wat daarmee verbind is. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

24 Net vir 'n kort tydjie wil ek julle aandag nou vestig op drie fases van hierdie Skrif wat pas gelees is, een van hulle sou ek dit noem, Berg Karmel; die volgende een, die besembos; en die volgende, die grot. Elía het pas 'n groot dag voor Hom gehad, en God het vir Elía voorberei.

25 En terwyl ek agter die gordyn gestaan het vanaand, geluister het na my baie bekwame Broer David du Plessis wat gepraat het oor wat 'n bediening van die bonatuurlike beteken. . . Niemand weet tensy jy dit moet deurvoer, wat dit beteken nie. Baiekeer het mense gedink ek is 'n—'n isolasionis, omdat ek—ek nie buite onder die mense is nie. Dit is nie omdat ek nie van mense hou nie, ek is lief vir mense, maar ek kan nie 'n dienskneg van God wees en 'n dienskneg van die mense terselfdertyd nie. Ek moet myself voor God hou, sodat ek Sy mense kan dien.

26 En ek glo dat enige prediker van die Evangelie geen plek het by, net voor hy na die preekstoel toe gaan, om uit te wees by sosiale byeenkomste, en groot middagetes, ensovoorts nie, hy kom ongeskik, ongesalf op die preekstoel. Ek dink dat 'n prediker behoort te lê in die Shekinah Heerlikheid in die Teenwoordigheid van God voor hy uitstap voor 'n gehoor. Ek's 'n groot gelowige in gebed, dis wat dinge verander, is gebed.

27 En het julle ooit opgelet nadat die boosheid van die nag vervaag het. . .? En het julle al ooit in die oggend baie vroeg uitgeloop na al die demone wat, en die padkafees stil geraak en tot rus gekom het? Al die boosheid het gaan lê, dan kan jy vroeg in die oggend uitloop in daardie stilte en stilligheid van die oggend, die dou het die geur van die blomme gebring. Dis verfrissend om uit te kom in so 'n atmosfeer.

28 En so is dit wanneer ons uit die gebedskamer kan uitkom. Wat 'n voorreg is dit vir my elke aand om in daardie kamertjie in te gaan waar Mev. McPherson, en Paul Rader, en groot manne wat daar gestaan het, daardie lied gehoor het: "Glo net, glo net alles is moontlik!" Weet julle wie daardie lied geskryf het? Was Paul Rader.

29 En ek het daar agter gestaan en dink: "Wonder toe Paul was, die inspirasie gekry het om daardie lied te skryf, as hy geweet het daardie ou seuntjie wat voor sy voete sit, sou my temalied om en om die wêreld wees." Ons weet nie wat ons doen wanneer ons onder inspirasie praat nie; dit het geen einde daaraan nie, dit gaan net aan.

30 Ek hou van Longfellow toe hy gesê het:

> Voetspore op die sand van die tyd;
>
> Voetspore, wat miskien 'n ander,
> Wat oor die lewe se groot see seil,
> 'n Verlore en skipbreukbroer,
> Wat dit sien, weer sal moed skep.
>
> Lewens van groot manne herinner ons almal
> En ons kan ons lewens groot maak,
> Met skeidings, agter ons laat
> Voetspore op die sand van die tyd.

31 Ek hou daarvan. Wat jy doen, iemand hou jou dop.

32 En Elía was op die Berg Karmel vir 'n lang tyd; God het hom deur die kraaie gevoer. En uiteindelik het daar 'n tyd gekom waar God daardie man voorberei het vir 'n groot, besondere wonderwerk. En hy het die hele Israel byeengeroep en gedink, sekerlik, as hulle die bonatuurlike hand van God kon sien beweeg, sou hulle glo dat God God was. Want die volk was besoedel met 'n afvallige koning, Agab, en 'n—'n bose, afgodedienaar, Isébel. Hulle het die volk in afgodery laat verval, en dit het die hart van hierdie dienskneg van God gebreek.

33 En weet julle, soos ek nou die aand gesê het, mense, ons beter ons ondervinding nagaan? Want die Heilige Gees gaan net salf in die laaste dae hulle wat sug en steun oor die gruwels wat in die stad gedoen word.

34 Vandag kan ons gil, ons kan skree, ons kan in tale praat, tekens en dinge hê, maar waar is daardie opregtheid van so opreg wees oor die Woord van God en die—die Kerk van God, totdat dit ons hart bedroef om sonde te sien aangaan? En Elía het in dit alles ingekom.

35 Toe, toe hy die hele Israel byeengeroep het, en hy 'n uitdaging vir hulle gemaak het: "Laat die God wat bonatuurlik is, laat Hom wat Homself as lewendig kan wys, laat Hy God wees. As al julle teologieë," hy het met hulle gepraat: "as Bileam 'n god is, as hy kan antwoord, laat hom antwoord. Laat die God wat antwoord, laat die God wat Sy Woord hou, God wees."

36 As dit nie weer 'n uitdaging is aan die wêreld vanaand nie! "Laat die God wat Sy Woord hou, God wees."

37 So wat het gebeur? Hy het hulle byeengeroep en die God van die Hemel het geantwoord in 'n bonatuurlike teken aan Israel dat Hy steeds die God was wat met Vuur kon antwoord, en Hy

het gedoen net wat Hy altyd gedoen het, gebed beantwoord, Sy Woord gehou. En na dit alles, was dit steeds nie voldoende nie, en klein ou Elíatjie het nie geweet wat om te doen nie, so hy het na die besembos toe gehardloop. Ek is bly dat daar 'n besembos is, al God se mense moet na daardie besembos toe gaan. Dis 'n plek waar hy so mismoedig was dat hy nie geweet het wat om te doen nie, so hy het alleen uitgehardloop en onder die besembos ingegaan. Baie van ons voel om soontoe te gaan.

38 En vandag, wanneer ons die inrigtings gevul sien word met mense van God, senuwee-ineenstorting, spanning, o, wil dit ons almal laat hardloop na die besembos.

39 Ek dink ons kon dit uitdruk soos die ou gekleurde dame onder in die suide gesê het toe sy deur 'n outomobiel getref is, 'n motor het haar getref, en hulle het haar gevra of sy wou dagvaar vir skade, sy het gesê: "Nee my *vadertjie*, kind, ek het nie skade nodig nie, ek het herstelwerk nodig." En ek dink dis omtrent wat die kerk vanaand nodig het, is 'n herstel, 'n plek onder die besembos sodat ons alleen kan wees.

40 Die profeet daardie groot dag, hoe teleurgesteld hy was, dat hy net presies gedoen het wat God vir hom gesê het om te doen, en hy het gedink, sekerlik, as Hy dit gedoen het, sou die mense dit glo. Maar hy het uitgevind dat al die wonderwerke wat God vir hom gesê het om te doen, hy dit gedoen het, en steeds het Isébel dit nie net geweier nie, maar sy het gesê sy sou sy veldtog stop, hy kon nie meer van daardie veldtogte hou nie, sy sou sy kop afkap as hy sou.

41 Julle sien wanneer die duiwel 'n persoon beetkry, behandel hy hom net verskriklik. En hy het gedink die tekens en wonders van 'n lewende God sou genoeg wees, maar dit was nie, so sy arme hart was gebroke, en hy het na die besembos gehardloop as 'n toevlug, en hy het daarbuite gelê. En ek kan hom sy dienaar baie myle ver sien agterlaat en net alleen uitgegaan onder die boom in. Almal van ons het 'n klein plekkie waarnatoe ons gaan wanneer ons in daardie probleme beland.

42 Ek het 'n grotjie gekry waarin die FBI my nie kan kry nie, waar ek kan ingaan, daarbinne bly vir twee of drie dae. Moet in 'n stroom oploop, bo-oor 'n heuwel, deur 'n tak, onder 'n boom ingaan, en onder in 'n grot ingaan. En daar's altyd iewers wat ons kan terugtrek en weer in die Teenwoordigheid van God kan inkom. En ek glo, vriende, dat geen mens 'n reg het om Christelikheid as 'n Christen te bely, tot hy so 'n terugtrekplek gevind het nie.

43 Daar mag 'n tyd kom wanneer manne wat wêrelds-opgelei is, nie goddelik-gestuur nie, al die bonatuurlike kan wegverduidelik uit die Bybel, hulle in staat mag wees om die vleeslike verstand te bevredig wat God nie ken nie, dat "Die dae van wonderwerke verby is. Daar is glad nie so-iets soos die

Heilige Gees nie." Maar as 'n man ooit 'n ondervinding gehad het waar jy God ontmoet het, sou al die teoloë in die wêreld nooit daardie ondervinding van jou kon wegneem nie, jy het God van aangesig tot aangesig ontmoet, en jy weet waarvan jy praat.

44 Soos Moses op daardie heilige sand agter in die woestyn, wanneer 'n man God ooit ontmoet op daardie heilige sand van daardie geheime terugtrekplek, kan geen duiwels in die hel dit ooit van hom af wegneem nie, want hy weet hy het van aangesig tot aangesig met God gepraat. Hulle kan enigiets verduidelik wat hulle wil, maar jy was daar toe dit gebeur het, en jy weet waarvan jy praat.

45 En Elía het geweet sy God was werklik, en so het hy dit tot 'n konfrontasie gebring, maar toe, toe die mense die bonatuurlike teken geweier het: "O, daar was niks daaraan nie. Die weerlig mag geslaan het," Isébel het haar dreigemente gemaak, en haar hele bende, hulle wou nie hulle sosiale verenigings opgee nie, en ou klein Elíatjie se hart was gebreek.

46 Enige prediker weet wat Maandagoggend is na 'n harde dag op Sondag; vergelyk dit, julle predikers se vroue, julle weet hoe julle man op Maandagoggend is nadat hy twee of drie keer Sondag hard gepreek het, is hy so uitgeput, wat dink julle van arme ou Elíatjie?

47 Daar was hy, niemand om hom te vertroos nie, en hy het gestop onder hierdie besembos, en hy het neergekniel, en opgekyk na God en gesê: "Here ek's so moeg en so uitgeput. Waarom neem U nie net my lewe en laat my gaan nie? My vaders het almal gegaan, laat my ook so gaan."

48 Manne wat in die bonatuurlike werk, wat in die Teenwoordigheid van God bly, en as jy sien dat God se program geweier word, en jy preek dit, en jy probeer jou bes, en doen alles wat God vir jou sê om te doen, en steeds loop hulle weg daarvan, is dit hartseer. God Almagtig het hier in die Angelus Tempel genoeg gedoen hierdie laaste week, totdat ek Los Angeles aan die brand gesteek het. Geen wonder Hy het gesê: "Dit sal beter wees vir Sodom en Gomorra in die Oordeelsdag," nie.

49 En die arme outjie, maer, wat daar gelê en sy grys hare wat oor sy skouers gehang het, God het gesê: "My dienskneg het bietjie rus nodig." God se genade aan sy dienskneg, Hy het hom net neergelê op die klomp onkruid en hy het aan die slaap geraak. Ek sou my voorstel daar was tienduisend Engele wat hom sien slaap het.

50 Daar's een versekering wat die gelowige het, hoewel die wêreld hom geweier het, tog het God hom lief. Die wêreld mag jou holy-roller noem, hulle mag jou 'n fanatikus noem, maar as jy getrou is aan God, is daar een seker ding: God het jou lief, en Sy Engele omring dié wat Hom vrees.

51 Ek sou my voorstel op elke tak, oraloor die plek, was daar swerms Engele. En God het afgekom, en Hy het gesê: "My arme klein, moeë dienaartjie, hy's so senuweeagtig en ontsteld, hy weet nie wat om te doen nie. Ek wil die Engel uitsoek wat hier staan wat die sagste hande het, jy moet hom nie bang maak nie, loop soontoe en streel sy voorkop net baie saggies. En ek wil die beste kok onder julle hê, en gaan soontoe, en kry al die vitamiene wat jy kan kry, en in hierdie mieliemeel insit. Die wêreld het hom geweier, maar Ek gaan hom reg behandel." Halleluja! Dit beteken: "Prys ons God." Moenie bang raak daarvoor nie.

52 "Bring die beste wat ons het, maak vir hom 'n mieliekoekie, en sit vir hom 'n bietjie water neer." En die sagte-hand Engel het soontoe gegaan en die dienaartjie van God oor die voorkop gestreel. Onthou, as jy jou bes gedoen het, het God nog steeds daardie Engele in orde; Hy het jou net so lief as wat Hy vir Elía liefgehad het.

53 En hy het sy voorkop gestreel, en Elía het wakker geword, en ek mag hom iets soos hierdie hoor sê: "Die Here jou God Wat jou liefhet: 'Jy het jou bes gedoen, Elía. Ek het net daardie tekens gestuur vir 'n getuie, dat hulle in die Oordeelsdag, dit alleen sal moet verduur. Ek . . . Jy het gedoen net soos Ek vir jou gesê het om te doen.' Ek weet jy is nou moeg en vermoeid, en die Here God, Skepper van Hemel en aarde het My gestuur om vir jou hierdie brood en hierdie water te gee."

54 Elía, besig om sy oë te vryf, het opgestaan, klein, swak, bewende hande, het die brood geneem en dit geëet. Net toe het die groot Engelekoor uitgekom, 'n panoramatjie om hom gevorm soos daardie, en die liedere begin sing, soos geen moeder haar babatjie aan die slaap kon sing nie. Het hom weer laat slaap. Toe het Vader omgedraai, en gesê: "Jy weet, Ek het hom so lief, die reis is groot, hy het nog baie om deur te gaan, Ek's nie klaar met hom nie, so Ek moet hom weer voed."

55 So Hy het die Engele geroep, en nog 'n groot bondel vitamiene ingegooi, en nog 'n mieliekoekie gaargemaak, en vir hom 'n kruik water neergesit, en sy voorkop gestreel, en hom weer gevoed.

56 Ek's so bly dat daar 'n besembos is, wanneer ons heeltemal gedaan en ontsteld raak, ons onder daardie besembos kan ingaan en geestelike vitamiene kry om enige soort reis te onderneem.

57 Daar het hy gelê. Wakker geword en 'n bietjie beter gevoel, en hy het veertig dae en veertig nagte aangegaan. Ek sou my voorstel as daar 'n dokter inluister, sou jy nie graag wou weet watter soort vitamien hy gebruik het wat 'n man op 'n mieliekoekie en 'n glas water vir veertig dae en veertig nagte sou onderhou nie? Dis die krag van ons God.

58 Dan vind hy 'n grot ver agter in die wildernis, en voor jy jou kom kry, het God hom daar agterin gevind, en Hy het na hom

geroep, en daar het ’n rukwind daar deurgegaan wat die berg oopgeskeur het, die rotse het geskeur en geval; Elía het net gesit en luister. En daar het ’n skudding gekom, ’n aardbewing wat die berg geskud het; maar Elía het net stilgesit. En toe het die vuur kom val, weerlig het geflits; en Elía het stilgesit. Maar toe het ’n stil klein Stemmetjie gepraat, en Elía het geantwoord, hy het sy mantel oor sy gesig gedraai en uitgestap.

59 Ek wonder net, dat of ons nie te veel geluister het na geweldige rukwinde, en vuur, en bloed, en al die res nie, en nie daardie stil klein Stemmetjie gehoor het nie. Wonder of ons soveel na gawes gesoek het dat ons nie die Gewer kan sien nie. Julle weet, Amerika is geneig tot geraas, dis waarom ruk-en-rol so gewild is, en al hierdie ander klomp gerase.

60 Nou, ons het geweldige rukwinde gehad, ons het groot skuddings gehad, maar waar was God in dit alles? Elía het gesê Hy was nie daarin nie. Wat het ons gedoen met rukwinde? Wat het ons gedoen met allerhande soorte sensasies? Waar het dit ons gekry? So vas gedenomineer dat ons nie gemeenskap met mekaar sal hou nie. Wat het ons daarmee gedoen? Is die kerk beter daaraan toe? Is dit verenig deur rukwinde? Nee, meneer. Dis net verenig wanneer daardie mense daardie stil klein Stemmetjie van God sal hoor.

61 Dis waar ons misluk, vriende. Wanneer God op die teken verskyn met iets, en Homself bewys as God, laat ons, in plaas van om agter die geraas aan te gaan, agter die Een aangaan wat die geraas gemaak het; ons vergeet die Gewer.

62 Paulus het gesê: “Al sou ek met tale van mense en engele spreek, en het nie die liefde nie, baat dit my niks. Al kan ek geloof hê om berge te versit, en het nie die liefde nie, baat dit my niks.”

63 Sien, ons is so geneig om agter die gawe aan te gaan in plaas van die Gewer. Wanneer julle tekens en wonders sien plaasvind, moenie die tekens soveel oplet nie, maar kyk wat daaragter is, Dis daardie stil klein Stemmetjie wat praat.

64 Dis waarom ons nie herlewings in Amerika kan hê nie, is omdat mense agter gawes aangaan in plaas van die Gewer. Dis wat fout is met die wêreld vanaand. O, ons het, as jy groot skares en gehore wil hê, moet jy ’n regte klassieke Hollywood-opset hê met ’n klomp vertoon. Amerikaanse mense wil vermaak hê, hulle wil nie die ware Evangelie van die Here Jesus Christus hê nie, so daarom, sal die radio en die televisie hulle meer vermaak gee as wat die kerk dit kan gee, en hulle bly by die huis, al wat kom is die Uitverkorenes van God wat nog steeds honger, en dors, en roep, en uitroep vir die ware ding van God.

65 Dit lyk alles sleg wanneer ons dink aan die Here God van die Hemel wat Hy doen, groot wonderwerke en tekens gee, en dan luister die mense nie daarna nie, hulle sal gaan en sê: “O, ek het dit eenkeer gesien. O, ek was in Broer Branham se diens, ek het

onderskeiding gesien. Ek was in Oral Roberts se diens, ek het hom sien vertel hoeveel in die gehoor was wat moes kom en dit nie gedoen het nie, ensovoorts, en hoe hy hulle vertel het wat sou gebeur. Ek het dit alles gesien. Ek was by die Pinksters, en het die rukwind gehoor, en die—die prediking, ek het dit alles gehoor." Dis reg. Maar wat was daaragter?

66 Dis waar julle misluk, om nie te luister na die stil klein Stemmetjie van God om jou te roep nie. Dis waar die probleem lê, is daarin, sekerlik. Die wêreld kan naboots en—en beter vermaak. Die kerk is nie vermaak nie, dis nie veronderstel om te vermaak nie, dis veronderstel om 'n nuwe geboorte te preek wat 'n nuwe skepsel in Christus maak. Maar die wêreld soek na vermaak, een of ander sosiale partytjies, of een of ander fantastiese van een of ander soort.

67 Nou, ek wil hê julle moet oplet wat gebeur het. Dit is nie altyd die luidrugtige dinge wat groot dinge is nie. Dis nie die luidrugtige dinge nie, 'n wa kan uitgaan in die veld, wanneer dit leeg is, sal dit stamp, en skud, en 'n klomp geraas maak, reguit terugkom oor daardie selfde bultjies volgelaai met goeie goed, en nie eers 'n piep maak nie. Hoekom? Dis volgelaai. Wat die kerk vanaand nodig het, is om volgelaai te wees, gevul met die liefde van God.

68 Die son kan 'n miljoen gelling water met minder geraas optrek as wat ons 'n glas vol kan pomp uit 'n pomp. Dis reg. Die—die hemele kan dou oor die aarde sprinkel met minder geraas as wat jy jou voorste grasperk kan besprinkel. Sekerlik. Het julle al ooit die planete hoor draai? Groot goed is stil goed.

69 Hou die Heilige Gees dop wanneer Dit vanaand inkom, hoe stil Dit alles maak. Maar ons kom agter sensasies aan, agter klein goedjies aan, sonder om na daardie Stem te luister.

70 Het julle al ooit die dag hoor breek? Nee, julle het nog nooit die dag hoor breek nie, tog laat dit al die duisternis verdwyn. As ons net sou luister na die Stem van Hom wat agter hierdie dinge praat, sou daar gemeenskap wees onder alle kerke, Metodiste, Baptiste, Protestante, Katoliek, en almal saam sou die middelmure van skeiding afbreek, en ons sou broederliefde hê. Hierdie Angelus Tempel vanaand sou volgepak wees tot by die dak, tot daarbuite iewers op die gronde staan, as ons net daardie Stem van God kon hoor spreek agter die ding.

71 Onthou daardie goed het eerste gegaan, die Stem het laaste gespreek, Dit was die laaste ding. Ons het rukwinde gehad, en donderweer, en al die res, maar die uur kom nou dat die Stem van God spreek, en Hy bewys dat dit Hy is. Dit was Hy wat die donderweer gestuur het, en hulle het agter die donderweer aangegaan in plaas van om te luister na die Stem; Hy het die wind gestuur, maar hulle het agter die wind aangegaan in plaas van die Stem.

72 Weet julle wat? Dit is nie die klein, kabbelende poeletjie wat 'n klomp geraas maak wat die sterre van die hemel weerkaats nie, dis die klein poeletjie wat diep is, onversteurd, stil, wat die sterre weerkaats. Al hierdie dinge is God se manier om dit te doen. Ek wonder of ons nie vanaand soveel agter die—die lawaai aangegaan het, dat ons soveel daarin belang gestel het, dat ons die klein Stemmetjie vergeet het nie.

73 Sê: "Wat probeer jy sê, Broer Branham?"

74 Ek het brief na brief hierdie week gekry, wat die mense vir my geskryf en gesê het: "Ek het na die Angelus Tempel toe gekom, gedink ek sou 'n dienskneg van God hoor. Wel, jy's nog altyd 'n Baptis, wel, jy's so dood soos hulle is. Jy het geen Gees nie, jy is net so formeel soos die res van die Baptiste."

75 Luister, broer, jy mag baie geraas hê, maar ek wonder hoeveel Gees daaragter is, is wat ek wonder. Dit is nie geraas wat Gees maak nie. Ek het mense gesien wat kon spring, en hardloop, en skree, en—en orkeste speel, en op-en-af op die platvorm hardloop, en nie genoeg regte egte geloof gehad het om 'n tandpyn te stop nie. Dis reg.

76 Dis daardie stil klein Stemmetjie van God wat die krag van God laat werk wat dinge werklik maak, Lewe na die Kerk toe bring. Dis waarvan ek praat, dis nie geraas wat tel nie, dis die bevestiging, die Gees van God wat die verskil maak. Dit was elke aand hier en het tekens, en wonders, en wonderwerke onder die mense gedoen. Dis waar.

77 Ek kan nie sien hoe Pinkstermense, wat aanspraak maak om die beker van die goue seëninge van Jesus Christus te gesoen het, skaars kan stil sit wanneer die Heilige Gees in sulke dinge beweeg nie; maar dis omdat dit nie 'n geraas daaragter het nie. Die geraas het eerste gegaan, toe het die stil klein Stemmetjie gekom. Ons het daardie tye gehad, dit was alles God se manier.

78 God het Elía se aandag getrek, en Elía verteenwoordig die Kerk, Hy het hom laat luister. Maar nou wanneer die tyd kom vir die Stem om te praat, daardie Iets in ons hart, kyk ons en wonder dan: "Waaroor gaan dit alles?"

79 'n Tyd gelede het ek 'n foto in Duitsland gesien wat *Die Wolk Skildery* genoem word, dit lyk verskriklik wanneer jy daarna kyk. Dit lyk soos 'n groot deurmekaarspul van wolke wat alles saamgekoek is, en—en dit lyk na 'n verskriklike ding, maar soos jy nader kom daaraan, hoe nader jy kom, vind jy uit dat dit nie wolke is nie, dis Engelevlerke wat saam klap, wat God se lof prys.

80 En julle het die Pinksterondervindings gesien, en julle het van ver af daarna gekyk, en sê: "O, luister *daar*na, en al *hierdie*, en die donderslae, en rukwinde," maar as julle net naby daaraan sal kom, daar sal ingaan, sal julle uitvind, hoe nader julle kom, hoe werkliker word dit, en daardie stil klein Stemmetjie van God bring die Engeledeel van God uit en praat met Sy mense. Dis nie

so rof soos wat dit lyk of dit is nie, dis die heerlikheid van God, maar julle staan eenkant en kyk daarna.

81 Soos Isébel, sy was nie op Berg Karmel om dit te sien gebeur nie, hulle het gekom en vir haar gesê: "O, die profeet het groot tekens gedoen."

"Ek sal sy kop afkap!" Jy kan nie eenkant staan en na enigiets kyk nie.

82 John Sproul, 'n vriend van my, het sy vrou geneem, en op reis gegaan oorkant na La Salle, Lorraine, Frankryk, en die gids het hulle deur 'n sekere tuin geneem, en hy het hulle 'n standbeeld van die Here Jesus gewys. En Broer Sproul het gesê hy het na daardie standbeeld gekyk, hy het gesê: "Wat het die beeldhouer in sy gedagte gehad? Wel, ek sien nie enige lyding van Christus nie. Ek sien niks nie, lyk net soos die standbeeld. Wat beteken dit?"

En die gids het vir hom gesê, gesê: "Mnr. Sproul, jy kritiseer miskien daardie standbeeld."

Gesê: "Ek doen." Gesê: "Ek weet nie wat die beeldhouer in gedagte gehad het nie."

Hy het gesê: "Die ding daarvan is, jy moet weet wat die beeldhouer in gedagte gehad het voor jy kan sien wat hy probeer doen het." Hy het gesê: "Nou kom hiernatoe." En hy het afgegaan na die voet van die kruis, en daar was 'n kussing. Hy het gesê: "Kniel." Hy het gesê: "Kyk nou op."

En Mnr. Sproul het gesê hy het gedink sy hart sou breek, daar was elke lyding waardeur Jesus gegaan op die kruis, alles uitgebeeld.

Hy het gesê: "Jy sien, meneer, die standbeeld is gemaak om af te gaan en na op te kyk, nie eenkant te staan en na te kyk nie."

83 Wel, dis hoe Pinkster is, dis, en dis hoe die Woord van God is, dis hoe die beloftes van God is: Dit is nie om eenkant te staan, en te sê: "O, daar's niks daaraan nie," gaan eenkeer op jou knieë, en kyk op daarna, en jy sal heeltemal 'n ander prentjie sien. Jy sal iets met jou hoor praat deur daardie Woord, wat jy net opgetel het, en sê: "O, dis net 'n woord wat op papier geskryf is."

84 Gaan eenkeer op jou knieë, en sê: "Here God, is Hierdie U Woord? Is hierdie U belofte aan my, O Here?" En jy sal die trane teen jou wang voel afloop; dit sal heeltemal anders lyk as wat dit het.

85 As julle dit sal doen, sal die Metodiste anders lyk vir julle Baptiste, en julle Pinksters sal anders lyk vir die res van hulle, julle sal almal vir God sien, as julle net sal gaan en dit respekteer, en luister na God se Stem, en die Skrif neem, en die dinge van God in die lig neem waarvoor hulle bedoel is. God se Woord moenie gekritiseer word nie, Dit moet geglo word.

86 Iemand het vir my gesê nie lank gelede nie, gesê: "Broer Branham, Jesus het gesê: 'Groter as hierdie sal julle doen.'" Gesê: "Sekerlik, *groter* is die verkondiging van die Evangelie."

87 Jesus het gesê: "Hierdie *dinge* wat Ek doen, sal julle ook doen. Hierdie werke wat Ek doen, sal julle ook doen," dieselfde werke, net meer daarvan. Dit sou in die universele Kerk om die wêreld wees, waar dit nou net op een plek kon wees, wat in Christus was, maar wanneer Christus in Sy Kerk is, sal dieselfde werke wat Hy gedoen het, heeltemal om die wêreld gaan, die heeltyd.

88 Wat ons nie raaksien nie, is om te luister na daardie stil klein Stemmetjie wat met ons praat, dan onsself toe te draai in Sy geregtigheid, en uit te stap en te sê: "Here God, het U met my gepraat? Beteken dit ek, O Here? Ek's hier vanaand, ek's siek, ek's behoeftig. O, as ek net op Berg Karmel kon staan en vir Elía, na al daardie gevas en gebed, daardie Vuur uit die Hemel sien afbring het, 'n teken uit die Hemel afbring en bewys dat U steeds God is, die God wat met die Hebreeuse kinders in die vuuroond is, die God wat in die brandende bos by Moses was, daardie selfde God wat hier op Berg Karmel was, as ek U dit kon sien doen, of kon doen soos U het toe U gemanifesteer was in vlees hier op aarde, sal ek U aanbid met my hele hart." Dan sal jy God met jou hoor praat wanneer jy dit doen.

Laat ons ons hoofde buig. ['n Broer praat in tale en 'n ander broer gee uitleg—Red.]

89 Dank die Here. Nou, radiogehoor, julle mag dit nie gehoor het nie, dit was 'n—'n praat in tale en 'n uitleg van tale, dis 'n gawe wat in die Kerk behoort. God het dit Self in die Kerk geplaas. Dit was na die boodskap, dit het net in orde gekom, nie terwyl die boodskap aan die gang is nie: "Die Gees van die profete is onderworpe aan die profeet." Nou, dit het net in orde gekom, en dit het die kerk gevra om te bekeer en vorentoe te kom met God. Mag die Here God seën.

90 Here Jesus, ons dank U vir hierdie dinge, hierdie manifestasies. En mag die mense vanaand sien, dat U God is wat die siekes genees. U is die God wat die geheim van die hart ken, U is die God van Pinkster, U is die God van Elía, U is die God van Moses, U is die God wat eendag sal kom en Homself aan ons openbaar en ons opneem in die Heerlikheid. Ons dank U vir U Teenwoordigheid, en vir U Woorde van vertroosting vir ons, en vir die waarskuwing vir ons om ons te bekeer. Ek bid, Here God, dat U sal gee dat al hierdie dinge volbring sal word in die Naam van die Here Jesus.

91 Nou, Vader, terwyl die gebedsry gevorm gaan word binne 'n paar oomblikke, ek weet nie wat in daardie gebedsry sal wees nie, maar U weet wel, en ek bid dat U dinge sal doen vanaand wat die mense sal sit en kyk, en luister vir daardie klein, stil

Stemmetjie van God. En wanneer hulle U Gees sien begin beweeg onder die mense, mag hulle bly wees en juig, en Jesus aanvaar as hulle Verlosser en Geneser. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

92 Nou, hierdie laaste vyf, vier, of vyf aande, het ons nie enige gebedskaartjies uitgegee nie, die Heilige Gees net laat beweeg oor die gehoor en die mense roep en die dinge doen wat Hy wil doen. En gisteraand, eenkeer, het daar iets vreemds gebeur gisteraand, en dit het nog nie vantevore in die tempel gebeur nie. Dit was. . . Dis net 'n gawe wat jy net jouself verneder, of voor God ontspan, en Hy jou spraak gebruik. God het geen stem behalwe joune en myne nie, ons hande is Sy hande, as ons net so onderwerp kan wees aan die Gees dat Dit ons stem kan gebruik, en ons hande gebruik, en ons oë gebruik.

93 Nou, as julle nie hierdie dinge hoef te doen nie, God plaas net diegene in die Kerk wie ook al. . . Dis tekens dat die mense mag weet dat God nog steeds lewe; dis Jesus die Seun van God wat deur Sy Liggaam werk wat Hy verlos het. Ons is nie waardig nie, beslis nie, maar Hy's waardig. En dis nie ons wat sê *hierdie* een is waardig, en *daardie* een is nie waardig nie, dis vir God om die keuse van daardie dinge te maak.

94 Nou, gisteraand kon ek nie die mense laat verstaan, ver agter in die gehore, en waar Dit hulle sou roep nie, en dan sou ek net die Here vra, en Hy sou hulle naam noem. En dit het gekom by een vroutjie wat aan iets gely het, ek onthou nie, en toe die Heilige Gees gespreek en haar geroep het, wat haar probleem was, toe het sy nooit daarop gereageer nie. En net binne 'n paar oomblikke het ek my eie stem in 'n ander taal hoor praat. En uitgevind, die vroutjie was Fins, sy was 'n Fin, en die Heilige Gees het haar naam genoem, en haar alles daarvan vertel, en haar gesê om God te prys. Ek weet niks van Fins af nie, Dit was die Heilige Gees wat daardie vrou uitgeroep het, toegesien het dat sy nie uitgelaat sou word nie, dat Hy in elke taal praat.

95 Op die Dag van Pinkster is elke taal onder die Hemel daar versamel, en God het gepraat in elke dialek wat daar onder die hemele was. En as ons net onsself kan onderwerp. . . Nou, dis. . . Wie kan kritiseer dat dit nie Pinkster was nie?

96 Wanneer die Heilige Gees hier. . . Ek ken nie eers Engels nie, ek's 'n Kentuckiër, ek—ek ken nie eers goeie Engels nie, maar toe die Heilige Gees beetgekry het, het Dit Fins gepraat, en die vrou genoem, en haar probleem, en vir haar gesê om die Here te prys in Fins. Daar was mense hier wat dit kon verstaan, en dit vertaal, en na my toe gekom het vanmôre, my vertel van die vroutjie wat opgestaan het en haar hande geskud het en God geprys het. Dis soewereine genade.

97 Dit behoort elke siek persoon hierbinne Christus te laat aangryp; dit behoort elke kreupele op sy voete te laat staan, en

die Here Jesus te glo. Luister na daardie Stem.

98 Nou, vanaand, is die Amerikaanse mense geleer om hande op te lê, dis 'n Joodse gebruik, was nooit vir die Heidene nie, maar ons is dit geleer. Wat julle geleer is, dis wat julle glo. Jaïrus het gesê: "My dogter lê amper tot die dood toe siek, kom, lê U hande op haar." Dis die tradisie van die oudstes. Sy het gelewe.

99 Maar die Romein, die Heiden het gesê: "Ek is nie waardig dat U onder my dak kom nie; spreek net die Woord en my dienskneg sal lewe."

En Hy het omgedraai en daardie Romein bewonder, gesê: "Ek het nie sulke geloof in Israel gesien nie."

100 Ek weet nie hoekom dit is, dat my bediening nie in Amerika posvat soos wat dit oorsee doen nie, ek net. . . Dit moet die indoktrinasie van die kerke, ensovoorts, wees. Dit lyk net eenvoudig asof ek nie veldtogbestuurders het nie, en ek het nie 'n yslike groot klomp samewerking, en iemand om rond te gaan, *soveel* honderd kerke te laat saamwerk, en groot sangers te bring, ensovoorts nie. Ek begeer dit nie. Dit is nie my. . . Ek glo die bediening is aan die uitverkorenes, aan hulle wat *wil* luister.

101 Ons was oorsee gewees nou die dag, oorkant in Kingston, Jamaika, hulle het nie voor Donderdagmiddag geweet ons sou kom nie. Vrydagmiddag was ons daar, die eerste aand was daar omtrent vyfduisend, tweede aand omtrent vyftienduisend, derde aand omtrent iets-oor-die-dertig duisend, en vyftienduisend het na Christus toe gekom op een slag. En ek het 'n paar mense na die platvorm toe geroep, en die Here het aan hulle begin openbaar. Sodra dit plaasgevind het, buite deur daardie groot wye gehoor, daar het duisende maal duisende gesit, hulle het opgestaan van ou klein beddens af, en draagbare, en rolstoele waarin hulle gestoot is. En jy kon busvragte van hulle optel, of, lorrievragte wat op die grond lê, vir een, tien minute van gebed. Hulle het dit geglo.

102 Reguit afgegaan in Puerto Rico in, en dieselfde ding het weer herhaal. En tref Amerika? Dis anders. Hoekom? Ek wonder! En in Suid-Afrika, Durban, Suid-Afrika. . . [Leë kol op band—Red.]. . . Broer du Plessis hier, in sy land, in Durban waar ons etlike duisende mense buite vergader gehad het, toe vyf mense na die altaar toe gekom het op die platvorm om voor gebid te word, en die Heilige Gees sulke goed geopenbaar het, ek het een gebed gebid, en hulle het geskat dat vyf-en-twintigduisend uitsonderlike genesings plaasgevind het, vyf-en-twintigduisend. Hulle het sewe busvragte, of—of, lorrievragte ou krukke en stokke van die skougronde af verwyder, waar hulle gelê het. En dertigduisend het hulle hart vir Jesus gegee op een slag. Hoekom kan ons Amerikaners nie so glo nie?

103 Weet julle wat? Ek sê dit met eerbied, nie vir julle mense nie, glad nie, my stem gaan uit in radioland, maar Amerika

is uitgebrand. Dit is gefynkam, en deursoek, en deurtrek, en visgevang, en getrek, ensovoorts, totdat dit nou net omtrent gereed is vir oordeel. Dis reg, die volgende ding is oordeel, en ons gaan dit kry, onthou dit net.

104 Vanaand, roep ons die gebedskaartjies om vir hulle te bid; daar is nie 'n onderskeidingsry nie, dis net 'n ry om vir die siekes te bid. En ek glo . . . Watter gebedskaartjies het hulle uitgegee? Watter gebedskaartjies het hulle vandag uitgegee? C's? Goed gebedskaartjie C'S is die een wat ons dan sal roep. Goed daar's omtrent 'n honderd, reken ek, gewoonlik gee hulle 'n honderd uit.

105 En wie het C, nommer een? Steek jou hand op. 'n Vrou wat hieragter in die middelry sit. Kom as jy kan, kom reguit hiernatoe. Nommer twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien. Laat hulle eerste kom en net hier in 'n ry inval nou. En hulle sal tot reg buite in die saal wees, en hulle sal almal in die ry inval.

106 En aan die radiogehoor: Ek wens julle kon hier wees vanaand in hierdie pragtige Angelus Tempel om hierdie groot, reuse byeenkoms hier te sien. Die hele grondvloer sit vol, en die eerste balkon sit vol, omtrent heeltemal, mense wat sit, verlang, wag vir iets om te gebeur. Voor my sit daar mense in rolstoele, en in beddens, ensovoorts, wat wag vir die beweging van die Gees. Ek wens julle kon net hier wees om dit te sien. Hulle wag met groot verwagtinge. En net so seker as wat God van die Hemel lewe en vanaand regeer, as hulle net sal luister na die Stem van God, sal daar nie 'n swak persoon in ons midde wees binne 'n paar minute, as hulle dit net sal glo nie.

107 Goed, ons roep nou die gebedsry een tot tien, tien tot twintig. Dis gebedskaartjie C, soos in Kalifornië. [Eng. Calfornia—Vert.] Tien, elf, twaalf, dertien, veertien, vyftien, sestien, sewentien, agtien, negentien, twintig, neem julle plek in. Goed. Terwyl hulle kom, twintig tot vyftig neem julle plek in. Twintig, dertig, veertig, vyftig, neem nou net julle posisie in, in die ry. Dit sal beter wees vir party van julle as julle by die deur uitgaan aan die voorkant van die paadjie, reguit omkom, en langs die kant afkom, glo ek julle kan beter in die ry inval.

108 Julle wat nie in staat is om te beweeg nie, wys julle net vir die plekaanwyser julle kaartjie, en wanneer julle nommer geroep word, sal julle net hier na die platvorm toe gebring word vir gebed.

109 Verwag julle dat iets gaan gebeur? Wag julle om die beweging van die roering van die water te sien? Wat het die water gedoen toe dit geroer is? Dit was 'n teken dat die Engel van die Here op die water was. Is dit reg? Dit was 'n bonatuurlike teken om te wys dat die—die stroom van die water verander het. 'n Geroerde water is wanneer stroom een kant toe gaan, en die wind waai dit na die ander kant toe terug, dis geroerde water. En wanneer ons

geroerde water sien, weet ons dat dit iets moet wees om daardie water anders te laat loop as sy stroom.

110 Onder daardie stoep waar hierdie groot spuitbronne uitgeloop en die waters gevloei het langs die skaappoel, afgekom het, nou, die mense het daar gelê in groot menigtes, en hulle het nie gewag net vir een aand, twee aande, drie aande nie, hulle sou wag vir maande en jare. Party van hulle het jaar in en uit daar gelê, en wag vir die roering van die water. En die eerste keer wat iemand ingestap het met genoeg geloof om genees te word, het dit die krag van die Engel uit die water getrek, en hulle moes vir nog 'n seisoen wag. Wat as 'n seisoen bepaal is, weet ek nie, miskien weke. Maar hulle het geduldig gewag daarvoor om in die water te kom. En soos geskiedkundiges vir ons vertel, sou hulle mekaar steek om in die water te probeer inkom, sien wie eerste daar kon kom om hulle geloof te toets met die Engel van die Here.

111 God het in alle eeue, te alle tye, altyd 'n weg van Goddelike genesing gehad, altyd. Die heelpad terug in die Ou Testament, die heelpad deur die Nuwe Testament, af deur die nuwe tydperk, reg tot op hierdie huidige tyd, het God 'n fontein oopgemaak vir hulle wat glo vir Goddelike genesing.

112 Goed, vyftig tot sestig nou, staan as julle sal, C, vyftig tot sestig. Neem julle plek hier oorkant in. Ek glo, miskien, is daar 'n klein kamertjie hier wat julle nou na hierdie kant toe kan kom, en net kan aanhou agtertoe gaan, of as jy wil uitgaan en omgaan, sal—sal die plekaanwysers julle daar in 'n ry laat inval. Nou, terwyl sestig tot sewentig, tot by vyf-en-sewentig, laat hulle in die ry inval, en om die—die ry begin gaan.

113 Nou, as jy nie kan beweeg nie, wel, wys dan net vir iemand jou gebedskaartjie, en die plekaanwysers sal jou na die platvorm toe bring wanneer jou nommer geroep word; hulle sal sien wanneer hulle hulle in die ry laat inval het. Dis hoe ons hulle laat inval in die ry, so ons weet ons het almal in die ry wat geroep word.

114 Hoeveel het nie 'n gebedskaartjie nie, en jy wil hê God moet jou genees, enige plek? Steek net jou hand op. Het julle opgelet in die dae wat verby is, hierdie laaste week, hoe die Heilige Gees opgaan in die balkonne, reg rondom aan beide kante, en regdeur die gebou? En nie een keer faal dit nie. As dit reg is, vir die gehoor hierbuite, sê: "Amen." Perfek elke keer, want dis jou geloof wat dit doen. Jou geloof maak jou gesond.

115 Julle ken die vrou wat Sy kleed aangeraak het, Hy het gesê: "Jou geloof het jou gered." Het julle dit opgelet? G-e-r-e-d: "het jou gered." Die Griekse woord daar, dink ek, is *sozo*. Is dit reg? "Jou—jou geloof het jou gered." Net fisies gered, net soos geestelik gered is.

116 Elke keer wat dit vertaal word, is die woord *gered* in die Bybel *sozo*, wat beteken "gered." Fisies gered, geestelik gered, dieselfde woord die heeltyd. "Jou geloof het jou gered." Gered van die siekte, gered van die dood, gered uit die graf, gered van 'n voortydige graf, ja, en gered uit 'n duiwel se hel, gered in God se Koninkryk, sekerlik.

117 Goed, vyf-en-sewentig tot eenhonderd neem nou julle plekke in, C, vyf-en-sewentig tot eenhonderd. Nou, gaan uit na hierdie kant en draai in aan die kant van die paadjie, want hierdie is nou heeltemal vol hierbinne, die heelpad na die deur toe. En neem net eerbiediglik jou plek in, en die plekaanwysers sal jou plaas, en ons sal in die gebedsry begin net binne die volgende paar oomblikke, net so gou as wat ons . . . Want geen rumoer, ons wil nie enigiets van die Heilige Gees verloor nie.

118 Nou luister, wanneer jy dophou vir die Heilige Gees, nou daar's niemand wat meer as ek glo in skree en juig in die Gees nie, want ek glo dat enigiets wat lewe het, emosie het. En as jou godsdiens nie 'n bietjie lewe daarin het nie, beter jy dit begrawe, dis dood; dit bring emosie. Maar terwyl ons na God toe kom, laat ons eerbiediglik, stil kom, luister om te sien wat Hy sal sê; en dan wanneer Hy iets vir ons doen, is dit die tyd om die heerlikheid van God te laat regeer uit ons harte.

119 Wees eerbiedig, kyk, en as julle buite in die diens op enige tyd voel dat God met julle hart gepraat het terwyl hierdie ry deurgaan, steek julle dan julle hande op, en sê: "Dankie, Here Jesus, dat U my genees het." Laat . . . Sê dan vir iemand wat langs jou sit. "Deur die Bloed van die Lam, en hulle getuienis, het hulle oorwin." Is dit reg? Jy oorwin deur die Bloed van die Lam, en deur jou getuienis, as ons net geloof kan hê en glo in die Here God dat Hy hierdie dinge vir ons sal doen.

120 Nou, dis vroeg, dit help nie om te jaag nie, wees net eerbiedig en stil; net omtrent vyftien minute sal die ry voltooi wees. En ek glo, as julle mense soveel tyd sal neem, en julle in radioland, maak seker julle doen dit: Wanneer jy die mense hoor juig oor hulle genesing, die gebed wat vir die siekes gebid word, juig jy dan, ook, en aanvaar Jesus as *jou* Geneser.

121 Onthou, God is alomteenwoordig, alwetend, almagtig, oneindig. Die oneindige God, alomteenwoordig: oral, alwetend: weet alle dinge, alvermoeënd: almagtig. Dis ons God, en Hy's daar in die hospitaal by jou net soos Hy hier by die kerk sou wees.

122 Jy kan nie 'n gelowige weghou van sy gebed nie. Hulle het een eenkeer in 'n maag van 'n walvis gegooi, en hy het afgegaan na die bodem van die see met onkruid om sy nek gedraai, maar jy kan nie 'n gelowige weghou van sy gebed nie. Hy het omgedraai en rondgekyk, die walvis se maag oral gesien, maar hy het gesê: "Hulle is almal valse nietighede; nog een keer sal ek kyk na

U heilige tempel, Here." En toe hy begin kyk het na, na die tempel. . . Salomo het, toe hy die tempel toegewy het, gesê: "As U volk op *enige plek* in die moeilikheid is, en sal kyk na hierdie heilige plek, en bid, hoor dan uit die Hemel, Here, en verlos hulle." En Jona het daardie gebed geglo.

123 En God het vir Jona lewendig gehou vir drie dae en nagte in die maag van daardie walvis, volgens die Skrifte. En as God dit kon doen vir Jona in die maag van die walvis, wat gekyk het na 'n —'n natuurlike tempel, soos hierdie een hier, gebou deur menslike hande, hoeveel te meer kan Hy jou gebed hoor vanaand, wanneer jy na die Hemelse tempel kyk waar Jesus aan die regterhand van God sit met Sy Eie Bloed om voorspraak te maak volgens jou belydenis? Sekerlik.

124 Hy het afgegaan in die leeukuil om een van Sy diensknegte te verlos; Hy het in 'n vuuroond ingegaan om een te verlos; sekerlik, sal Hy na die hospitaal toe kom waar jy luister; sekerlik, Hy sak kom na daardie klein, nederige huisie waar jy daar lê en wag; Hy sal opkom op die balkon, Hy sal afkom op die vloer, Hy sal enige plek kom waar jy is en jou verlos van sonde of siekte, as jy net geloof sal hê en Hom glo. Sal julle dit nou doen?

125 Net nog 'n paar minute, en hulle is nou buite in die saal, besig om die mense in die saal in die ry te laat inval, want daar wag 'n groot getal om voor gebid te word.

126 Ek hou van daardie lied, laat ons dit een keer neurie:

> Die Groot Geneesheer is nou naby,
> Die simpatieke Jesus;
> Hy maak die hartseer hart weer bly,
> O, hoor die Stem. . . (Daardie stil klein Stemmetjie van Jesus!)
>
> Soetste noot in sérafslied,
> Soetste Naam op sterflike tong,
> Soetste lied nog ooit gesing,
> O Jesus, dierb're Jesus.

Sit almal nou. Die ry is gevorm, die plekaanwysers het hulle plekke. En ek sal julle nou vra: Wees net so eerbiedig as wat julle kan.

127 Nou, aan julle wat in die ry staan: Julle let op dat daar 'n verskil in my bediening is, want ek bid net, lê hande op die siekes, want dis julle versoek vir my om dit te doen. As ek sou stop in onderskeiding vir almal in hierdie ry, sou ek hier wees vir verskeie aande, en ek sou nie in staat wees om hier te staan behalwe net een, of twee, of drie nie, en ek sou so swak wees dat hulle my van die platvorm af sou neem, soos hulle gewoonlik maak.

128 Nou onthou, as jy onbelyde sonde in jou hart het, plaas ek dit terug in jou skoot: Erger as dit sal op jou kom. En as jy

onbelyde sonde het, tree uit daardie gebedsry uit, en maak dit reg met God, kom dan terug en kom in die gebedsry. Onthou, ek is nie verantwoordelik deur 'n Goddelike gawe om 'n vloek weg te neem wat God Satan toegelaat het om op te sit om jou na Hom toe te bring nie, ek gaan net bid.

129 En nou, as jy reg in jou hart voel met God, en jy voel dat alles reg is, en jy het 'n reg, jy glo dat God jou gaan genees, loop dan hiernatoe, eerbiediglik. En wanneer jy oor hierdie platvorm gaan, net soos jy gedoop is, of enige ander orde van die kerk, gaan blymoedig van die platvorm af.

130 My hande sal niks daarmee te doen hê, wat op jou lê, tensy jy jou genesing van Jesus Christus aanvaar nie. Dit was Sy opdrag, om hande op die siekes te lê, vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg. "As hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word."

131 Nou, Here, daar's groot verwagting, en mense wag. Nou is die res van die diens U s'n, O Here, ek bid dat daar nie 'n swak persoon in ons midde sal wees nie. Mag die Heilige Gees afspreek in die harte van die mense vanaand, mag hulle nie soek na een of ander groot donderslag of een of ander groot rukwind nie, maar mag hulle luister. Dis waarom ek dit vanaand gesê het, Vader, dat hulle, onder in die dieptes van hulle hart, die visioen kry van wat God doen. Skenk dit, Here. Want ek vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

132 Goed, laat die gebedsry nou begin. Kom julle net een op 'n slag, en ons sal bid.

133 Aangename kennis? Nou, staan net hier oorkant net 'n oomblik, dame. Dit is dat jy die eerste een in die ry is.

134 Nou, dat die gehoor. . .Hoeveel in hierdie sigbare gehoor het nog nooit vantevore die bediening gesien nie, nog nooit my bediening gesien nie? Steek julle hande op, sal julle? Goeiste, daar's baie—baie honderde van hulle wat dit nie gesien het nie.

135 Nou, as die Here Jesus hier gestaan het langs hierdie vrou. . . Ek ken haar nie, God ken haar. Is ons vreemdelinge vir mekaar, dame? As dit reg is, steek jou hand op, sodat die mense sal sien. Ons het nog nooit tevore ontmoet nie.

136 Wel nou, as julle wil weet dat die Bybel nog steeds lewe, hier's 'n geval soos Johannes 4: 'n Man en 'n vrou ontmoet vir hulle eerste keer, soos Jesus die vrou by die put ontmoet het. Hy het 'n paar minute met haar gepraat, totdat Hy gevind het wat haar probleem was. Hoeveel weet wat haar probleem was? Steek jou hand op. Sekerlik, sy het saam met haar sesde man gelewe. En Jesus het vir haar gesê: "Gaan, haal jou man, en kom haar."

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie."

Hy het gesê: "Dis reg. Jy het vyf gehad, en die een met wie jy nou saamleef, is nie jou man nie."

Sy het gesê: “Meneer, ek sien dat U ’n profeet is. Nou, ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel. Maar Wie is U?”

Hy het gesê: “Ek is Hy wat met jou praat.”

Sy het in die stad ingehardloop, en gesê: “Kom sien ’n Man Wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die Messias nie?”

137 Nou, as Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, en dit was die Messiaanse teken vir daardie geslag, moet dit dieselfde Messiaanse teken vir hierdie geslag wees, of Hy’s ’n ander Messias. As dit waar is, sê: “Amen.”

138 Nou, om julle te laat weet dat dit nie ’n man is nie: God weet dat ek nie hierdie vrou ken nie, ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie, maar as die Heilige Gees hier sal kom en bewys dat Hy steeds Messias is deur my oë, my lippe, my mond, en haar geloof, en my geloof te gebruik. . .Daar’s iets waarvoor sy hier is. Sy mag ’n bedrieër wees, sy mag ’n Christen wees, sy mag hier wees vir finansiële probleme, ek weet nie. Ek—ek het nog nooit. . .Ek het geen manier om te weet nie, sy’s net ’n vrou wat hier in die gebedsry kom. Maar as die Here God sal spreek, laat haar die beoordelaar wees of dit reg is of nie, hoeveel van julle sal dan werklik weet dat die Teenwoordigheid van Jesus Christus hier is? Steek jou hand op, sê: “Ek sal dit aanvaar.” Nou, albei van ons, *hier* is die Bybel, ons het nog nooit vantevore in ons lewens ontmoet nie. Nou, ek sê nie dat Hy dit sal doen nie; as Hy dit doen, sal ons dankbaar wees.

139 Nou, suster, om net ’n oomblik met jou te praat, jy hoef nie net na my te kyk. . .Jy’s. . .Die vrou is ’n Christen, want daar kom ’n gevoel van vriendskap uit haar uit, haar gees wat in haar is, verwelkom die Gees wat in my is.

140 Nou, met ander woorde, *daar* is ’n dogter van God, ek is Sy seun, aangenome seun deur Jesus Christus; sy staan daar en benodig iets, ek staan hier om vir haar te bid. Nou, as ek my hande op haar sou lê, en sê: “Gaan, word gesond, Jesus Christus gaan jou gesond maak,” sou dit in orde wees. Maar nou, wat as die Heilige Gees hier kom, en iets openbaar wat daar terug in haar lewe is wat sy weet waarvan ek niks weet nie? As Hy weet wat was, sal Hy sekerlik weet wat sal wees. En sy sal die beoordelaar wees om te weet of dit reg is of nie. En dan hang dit van julle af om te glo waar dit vandaan kom.

141 Toe dit gedoen is in die Bybelse tye, het die ortodokse kerk gesê: “Hy is ’n fortuinverteller. Hy’s Beëlsebub.” Hulle het dit in hulle harte gesê.

142 Jesus het gesê: “Ek sal julle vergewe dat julle dit teen My gesê het, maar eendag wanneer die Heilige Gees kom om dieselfde ding te doen,” dis hierdie dag: “sal een woord Daarteen nooit vergewe word, in hierdie wêreld, of die wêreld wat sal kom nie.”

Omdat hulle die Gees van God 'n fortuinverteller, of 'n bose gees genoem het.

143 Die dame wat hier staan is baie senuweeagtig. En sy het eintlik 'n operasie nodig, want sy het aambeie, en daardie aambeie breek en bloei. Dis reg, is dit nie? As dit reg is, steek jou hand op.

144 Nou, wat het dit geweet? Nou, wat ek ook al vir haar gesê het, weet ek nie nou nie. Sien, dit was nie, dit was nie my stem nie, dit was my lippe wat beweeg het, maar Iets anders wat haar iets vertel het wat nie ek was nie.

145 Nou, julle sê: "Jy mag dit geraai het, Broer Branham."

Goed, laat ons net 'n oomblik langer met haar praat, sodat die salwing van die Gees in die gebou sal inkom.

146 Nou, laat ek net weer met haar praat. Ja, hier kom Dit weer. Die vrou is bewus dat iets aangaan. Het jy al ooit die foto gesien wat die wetenskaplike wêreld geneem het, daardie Engel van die Here? Dis net wat nou op jou is. As julle gehoor, die radio, of wat ook al, kon sien, net hier tussen my en daardie vrou is daardie Lig wat ronddraai.

147 Die vrou staan voor 'n operasie, dis bloeiende aambeie. En ek bly sien, een of ander ouer persoon bly hier verskyn. Dis 'n man, dis haar pappa. En hy het 'n donker skaduwee van die dood oor hom, hy is sterwend aan 'n kanker. En hy's in 'n hospitaal in 'n groot stad waar 'n rivier verby die stad loop, dis St. Louis, Missouri. SO SPREEK DIE HERE. Dis reg. Is dit waar?

148 Nou, glo julle die Here? Glo julle God kan aan my openbaar wie hierdie vrou is? Sal dit julle geloof help? Nou, suster ek weet nie dat Hy sal nie, ek vra net Sy genade. Jou eerste naam is Alice, Spade is jou van. Presies reg. Gaan huis toe in geloof, en jy kan ontvang waarvoor jy gevra het, in die Naam van die Here.

149 Nou laat ons net ons hande opsteek en God prys.

God seën jou, my suster, gaan glo nou.

150 Nou, as ek niks vir jou sê nie, glo jy, in elk geval, sal jy? Goed, maar jou hartprobleem, dan, sal jou verlaat, as jy sal gaan en glo.

In die Naam van die Here Jesus, mag ons suster genees word.

151 Nou, suster, jy's bewus dat die Heilige Gees hier is. As ek jou nie 'n ding gesê het nie, as ek jou vertel het wat verkeerd was met jou, sou jy—sou jy glo? Sal dit jou meer laat glo? Maar nou, sien, ek kan dit nie die heelpad af met die ry doen nie, maar as jy sal glo, sal die diabetes jou verlaat. Sal jy dit glo? Goed, gaan dan en sê: "Dank die Here," en wees bly, en glo met jou hele hart.

Goed, suster, as ek niks sê nie, net vir jou bid, glo jy met jou hele hart? Goed, meneer.

Here Jesus, ek bid dat U hierdie vrou sal seën en haar sal gesond maak. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

152 Kom, suster. As ek nie ’n woord sê wat verkeerd is nie, glo jy dat God teenwoordig is, daardie Een met Wie ons nou gesalf is. . . ? As ek hande op jou lê, glo jy jou rugprobleem. . . Kom, Dit het dit alreeds gesê. Sien? Goed.

153 Here Jesus, ek bid dat U ons suster sal genees en haar sal gesond maak. Amen.

“Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg.”

154 Kom, suster, gelowig. Wat dink jy van daardie gewas, dink jy sal dit jou verlaat? Gaan op jou pad, en sê: “Dankie, Here Jesus,” en word gesond.

Joune ook, sou jy glo dat joune weg sou wees?

In die Naam van die Here Jesus, lê ek hande op my suster vir haar genesing. Amen.

Glo nou.

In die Naam van Jesus Christus, bid ek vir my suster se genesing. Amen.

155 Goed, glo julle daarbuite? Sien, jy hoef nie vir die mense te sê. . . Nou wees eerbiedig, hou net dop, hou julle oë, luister, radiogehoor, die mense word genees. Ek sien hulle wanneer ek. . . Dit is nie dat ons vir die mense hoef te sê nie, maar, jy kan, dis alles reg, maar dit verswak, en dit maak dat elkeen dit wil doen.

156 Hier, hier’s ’n vrou wat hier staan. Is. . . ? Is dit die volgende persoon? Goed. Glo jy, suster? Ek en jy is vreemdelinge vir mekaar, is dit reg? Ek ken jou nie, jy ken my nie. As dit reg is, steek jou hand op sodat die sigbare gehoor kan sien. As die Here Jesus vir my sal sê waarvoor jy hier is, of iets, sal jy glo dat ek Sy dienskneg is, en weet dat daar een of ander bonatuurlike krag hier moet wees om dit te weet, of ek sou dit nie weet nie? Sou jy dink dit was ’n—’n bose gees, of die Gees van Christus volgens die belofte in die Bybel? Die Gees van Jesus. Dankie. Dan sal jy kry waarvoor jy gevra het.

157 Waarvoor jy hier is, jy’s baie senuweeagtig, jy het komplikasies, jy’s heeltemal gedaan, jy het diabetes. En laat ek vir jou sê: Jy het iets op jou hart, dis ’n seun, jou seun. Glo jy dat God vir my kan sê wat verkeerd is met hom? Hy het maagsere, en hy het asma, maar bo alles dat hy ’n sondaar is en nie gered nie, en jy bid vir sy siel, dis SO SPREEK DIE HERE. Hy’s teenwoordig om te genees. God seën jou. Gaan en ontvang dit.

Glo jy, suster?

O Here, ek bid dat U ons suster sal genees, en haar van hierdie kruk sal afhaal vanaand. In die Naam van Jesus. Amen.

Kom, suster. Glo jy, suster?

In die Naam van Jesus Christus, lê ek my hande op jou, want daar staan geskrywe: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg."

Glo nou.

Glo jy die kleintjie sal genees word as ek hande daarop lê? Bring dit dan hiernatoe.

Here, hulle het gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom." En ek lê my hande op hierdie babatjie vir sy genesing en sy moeder. In die Naam van Jesus Christus, mag die siekte weggaan. Amen.

Die Bybel het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Glo julle dat ek Hom glo van Wie ek praat? Dan sal hierdie tekens volg.

In die Naam van Jesus Christus, mag ons suster genees word. Amen.

Kom. Glo julle vroue soos julle saam kom dat God julle sal genees en gesond maak? Ek lê my hande op julle.

In die Naam van Jesus Christus, die Seun van God, en volgens Sy Woord en belofte, sal julle gesond word. Amen.

Glo jy, meneer, soos jy hierdie man bring dat die man genees sal word? Glo jy dit self, vir jou? Goed, kom nader en laat ons bid.

Here, ek lê my hande op hierdie swak liggame, en ek bid dat hulle sal gesond word volgens U Woord. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

God seën jou, meneer. Dis reg gaan, glo nou, broer. Dis reg, dis die manier.

Die Here Jesus Christus Wat die belofte gemaak het, gee vir hierdie vrou haar genesing, soos ek hande op haar lê. In die Naam van Jesus. Amen.

Die Here God Wat die belofte gemaak het, die genesing vir hierdie vrou gee, soos Hy belowe het: "Hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Amen.

God seën jou, suster.

Die Here God Wat die belofte gemaak het, mag Hy Sy belofte bevestig, soos ek hande lê op my broer. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

Mag die genesingskrag wat aan die Kerk gegee is op die Pinksterdag, op ons broer kom, soos ek hande op hom lê in die bevestiging dat ek glo dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. Amen.

158 Glo julle? Laat die radioland nou, terwyl ons bid vir die radioland:

159 O God, daar ver in radioland, mag die Heilige Gees kom op daardie mense daarbuite, en mag die siekes oral genees word.

Mag hulle nou hoor. "Geloof kom deur die gehoor." En mag die Evangelie getuienis van die opstanding van Jesus Christus deur die etergolwe van hierdie radio kom en almal genees wat inluister wat siek is. As hulle in die kroeg is, potspelkamer, waar hulle ook al mag wees, mag hulle net nou genees word van sonde en siekte, in Jesus Christus' Naam.

160 Nou sal ons die gebedsry voortsit.

161 Hier's nog 'n vrou wat hier staan. Ons is vreemdelinge vir mekaar, is ons suster? Glo jy dat ek Sy dienskneg is? Glo jy God kan vir my sê wat jou probleem is? Sal dit dan. . .? Sal dit jou help om te glo? Sal dit nou die gehoor help? Sal jy. . .jou God meer laat glo vir jou genesing, sal dit? Goed, kyk hiernatoe, suster. Glo jy nou met julle hele hart? Daar's soveel wat bid, sien, op hierdie tyd. Jou probleem is uitermatige senuweeagtigheid, jy's baie ontsteld. En dan het jy swelsel in jou arms, daardie swelsel kom van 'n operasie, kankeroperasie uit die skouer, dis SO SPREEK DIE HERE. Dis waar. Nou, as jy sal gaan en glo, sal dit jou verlaat. Amen.

Kom, suster.

O Here God, skenk die genesing van hierdie jong vrou soos sy deur hierdie gebedsry gaan. Amen.

Here God, soos hierdie moeder afkom in die ry, bid ek dat U haar sal genees en haar sal gesond maak, in die Naam van Jesus Christus.

162 Nou, nie net bid ek nie, maar kyk net hier: daar's honderde maal honderde wat hier sigbaar bid, en duisende daarbuite in radioland. Dit moet gebeur, nie waar nie? En—en die Teenwoordigheid van die Here Jesus hier, ons herrese Here, ons Verlosser, ons geliefde Koning!

Here Jesus, bid dat U hierdie vrou sal genees, en haar sal gesond maak, soos ek hande lê op haar. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

Kom, dierbare suster.

Ek lê my hande op jou, in die Naam van Jesus Christus, mag jy genees word. Amen.

Kom nou, my suster.

In die Naam van Jesus Christus, lê ek my hande op jou vir jou genesing. Amen.

Al daardie mense daarbuite bid nou.

Here, in die Naam van Jesus Christus, in die Teenwoordigheid van die Heilige Gees, mag hierdie man se hart dit nie vleeslik wees nie, maar mag hy kom soos na die—die lewende God. En die heiliges bid oraloor Los Angeles, oral. Mag hy genees word. In Jesus' Naam.

Kom, my suster.

In die Naam van Jesus Christus, vra ek vir jou genesing. Amen.

In die Naam van Jesus Christus, vra ek vir ons suster se genesing. Amen.

God seën jou.

In die Naam van Jesus Christus, vra ek vir sy versoek. Amen.

God seën jou.

163 Kom, suster. Jy ly aan artritis. Glo jy Jesus Christus sal jou genees?

O Here, Skepper van Hemel en aarde skenk die genesing van hierdie vrou. In Jesus' Naam. Amen.

Gaan jy glo, suster, vir jou en jou baba?

In die Naam van Jesus Christus, mag moeder en kind genees word. Amen.

Glo jy Hom, broer?

In die Naam van Jesus Christus, mag ons broer verlos word. Amen.

In die Naam van die Here Jesus Christus, lê ek my hande op die vrou vir haar verlossing. Amen.

Kom, suster. Nou, moenie dat hierdie deurkom tevergeefs wees nie. O, nee. Dit gaan gebeur.

Here Jesus, ek bid dat U haar sal genees, en haar sal gesond maak. Seën hierdie een wat by haar is, Vader. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

Kom, broer, nie tevergeefs nie, maar laat die krag van Jesus Christus nou in jou lewe inkom. Hoor daardie stil klein Stemmetjie soos jy van hierdie plek af weggaan in Jesus' Naam.

Kom, meneer. In die Naam van Jesus Christus, mag jou genesing wees. Amen.

164 Kom, suster. Glo jy God sal vir my sê wat verkeerd is met jou, sal jy . . . sal dit jou 'n bietjie help? Ek glo jy's die eerste gekleurde dame wat verbygegaan het. Glo jy dat hierdie vroueprobleem wat jou pla weg sal wees wanneer ek vir jou bid?

In die Naam van Jesus Christus, laat dit haar verlaat, Here. Amen.

Gaan nou.

In die Naam van Jesus Christus, mag sy versoek toegestaan word, Here. Amen.

Kom, suster.

In die Naam van Jesus Christus, laat haar versoek toegestaan word. Amen.

165 Nou, dis jou gesindheid. Nou wees baie eerbiedig, almal wat bid. Dis, julle mense in die ry nou, dis julle gesindheid soos julle

hier verbygaan. Sien daardie vroutjie? Sy het net begin om uit hierdie lyn uit te gaan en dankie gesê. Luister, sy het 'n vloeiing gehad as haar probleem, wat dit ook al was, ek het daardie vloeiing gesien wat gebeur het, as ek dit nie mis het nie, is dit 'n vroulike probleem, dat sy net weet God weet omdat dit in die badkamer was waar dit gebeur het. Dit het nou gestop, sy kan gaan en gesond wees, in die Naam van Jesus. Sien die gesindheid? Wat is dit? Dis as gevolg van haar gesindheid. My, goeiste! Kan julle nie. . .?

Here, in Jesus' Naam, help haar.

Vader God, in die Naam van Jesus Christus, gee haar genesing. Amen.

In die Naam van Jesus Christus, mag die vrou genees word. Amen.

God, in die Naam van Jesus Christus, mag die vrou genees word.

Here God, ek lê hande op ons suster, in die Naam van Jesus Christus, vir haar genesing.

Kom, suster.

In die Naam van ons Here Jesus Christus, lê ek my hande in gehoorsaamheid aan Sy opdrag, op my suster. Amen.

In die Naam van Jesus Christus, lê ek my hande op hierdie, my suster, vir haar genesing. Amen.

In die Naam van Jesus Christus, lê ek my hande op suster vir haar genesing. Amen.

En, in die Naam van Jesus Christus, lê ek hande op suster vir haar genesing.

166 Nou, sien, sodra die—die visioen die mense gestop het, verloor die mense skynbaar geloof, moenie dit doen nie, dis verkeerd. Hier gaan dit—dit die heeltyd aan, ek sien wat fout is met die mense.

167 Hier kyk na hierdie vrou. Glo jy God sal daardie gewas genees? Gaan dan en glo dit.

168 Sien? Sien? Glo net, hê geloof.

169 Goed, kom suster. Glo jy God sal daardie maagprobleem genees? Gaan dan en glo. Hê nou net geloof, glo.

Here God, ek bring hierdie vrou na U toe, in die Naam van Jesus Christus, mag sy genees word. En hierdie ons suster, Here, wat haar bring in die Naam van Jesus Christus.

Ek bid vir hierdie jong vrou, Here, dat U haar sal genees, in Jesus' Naam. Skenk dit, Here.

O Here God, gee die genesing van ons suster. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

In die Naam van Jesus Christus, mag ons suster genees word. Skenk dit, Here.

In die Naam van Jesus Christus, mag ons suster genees word.

O Here God, in die Naam van Jesus Christus, mag ons suster genees word.

170 Kom, suster. Glo jy? Jy's ernstig, dis 'n hartprobleem, maar God sal dit genees. Dis nou weg, so gaan net en glo. Amen.

Here Jesus, ek bid dat U haar sal genees. In die Naam van Jesus Christus, mag dit so wees.

Kom.

O Here, Skepper van Hemel en aarde, soos hierdie vrou haar hand uitsteek, mag dit nie na myne wees nie, maar na U s'n, Here, in Jesus' Naam.

Here God, genees ons suster, en gee haar haar versoek, in Jesus' Naam. Skenk dit, Here.

Hemelse Vader, ek bid dat U haar sal genees en haar sal gesond maak, in die Naam van Jesus.

171 Sien julle hoe dit maak, net sodra die visioene skynbaar weggaan? Dit maak my so swak, vriende. Hoeveel verstaan dit? Wel, 'n vrou het die kleed van ons Here aangeraak, en Hy het gesê: "Daar het krag uitgegaan, Ek het swak geword." Hoeveel weet dis die waarheid? Wel, as Hy, die Seun van God, swak geword het van een visioen, wat sou dit aan my doen, 'n sondaar, gered uit genade? Daniël, die profeet, het 'n visioen gesien en was ontsteld in sy kop vir baie dae.

172 Hier, bring die vrou. Ons is vreemdelinge vir mekaar. Glo jy God ken jou? Glo jy Hy ken my? Kan Hy aan my jou probleem openbaar? Jy's geskadu tot die dood met 'n kanker. Dis reg. En behalwe dit, is jy 'n vroueprediker. Die waarheid. En jy het net so pas jou kerk opgegee. Dis reg. Maar moenie jou kerk opgee nie, moenie hoop opgee nie, kyk na Jesus Wat hier staan Wat jou toestand ken.

173 En ek bestraf hierdie kanker op my suster, in die Naam van Jesus Christus, mag dit haar verlaat! Amen.

Kom gelowig.

Here, ek lê my hande op hierdie klein, gekleurde meisietjie, in die Naam van Jesus Christus, genees haar. Haar geliefde, Here, ek bid dat U haar sal genees.

Here, hierdie vroutjie, soos sy deur die ry gaan, mag die krag van Jesus Christus wat nou teenwoordig is, haar genees.

God, genees hierdie vrou, bid ek, in die Naam van Jesus Christus, dat U dit sal skenk.

Genees ons suster, Here. In die Naam van Jesus Christus, mag dit so wees.

174 God seën jou, suster. En mag die God van die Hemel jou genees van hierdie artritis.

Kom, suster, glo nou met jou hele hart.

O Ewige God, Outeur van die Lewe, gee haar die seën wat sy vra, in Jesus Christus' Naam.

Kom, suster, kom met die baba. Glo jy God gaan dit gesond maak?

In die Naam van Jesus Christus, mag hulle versoek toegestaan word vir hierdie kleintjie, en ek haal hierdie beproewing daarvan af, in Jesus Christus' Naam.

Nou, gaan glo dan, albei van julle. Hê geloof, en dien God.

175 Glo julle? Hoeveel kan net, amper, die Teenwoordigheid van die Here Jesus daar sien staan en oor Sy gehoor kyk? Die Groot Jehova God, die Alfa en die Oméga, die Begin en die Einde, die Eerste en die Laaste, Selfde gister, vandag, en tot in ewigheid, Hy's God.

176 Hierdie vrou hier is 'n vreemdeling vir my. Is jy, dame? Glo jy dat God vir my kan sê wat jou probleem is? As Hy sal, sal dit jou help om te glo? Jy het artritis, jy het probleme met jou oë, jy het hartprobleme. Jy's nie van hierdie stad nie, jy's van 'n ander stad, 'n ander staat, Arizona, Kingston, Arizona. En jy is Mev. Holby, op jou pad huis toe. Jy's oor jou siekte, gaan huis toe en word gesond gemaak, in die Naam van Jesus Christus.

177 Nou, sodat die gehoor sal weet: Ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie, is dit reg? Ons is totale vreemdelinge vir mekaar; maar God ken julle almal. Hy weet alles van julle af, glo net. Hy weet wie jy is en alles van jou af. Ek daag elke persoon hierbinne uit om dit te glo, enige plek!

O Here Jesus, ek bid dat U hierdie vrou sal genees, en haar sal gesond maak, in die Naam van die Here Jesus.

O God, ek bid dat U ons suster sal genees in die Naam van Jesus Christus. [Die suster sê: "Ek is hier vir iemand wat in die bed is."—Red.] God, staan haar versoek toe, in Jesus' Naam.

God, genees hierdie dogtertjie, in die Naam van Jesus Christus.

Kom, my dierbare broer. Kom, glo nou.

Here, in die Naam van Jesus Christus, genees my broer. Amen.

Here God, soos ons suster verbygaan, mag sy nie . . . by die man verbygaan nie, maar mag sy by die kruis van Jesus verbygaan, en haar genesing ontvang. Amen.

Kom, my suster.

In die Naam van Jesus Christus, mag jy genees word.

Kom, my broer.

In die Naam van Jesus Christus, mag jy genees van hier af gaan.

Kom, suster.

In die Naam van Jesus Christus, God se geliefde Seun, mag jou genesing wees. Amen.

Hy het die belofte gegee, Hy—Hy moet Sy belofte hou. Amen.

O Here, soos ek hande lê op hierdie twee vroue wat saam met mekaar verbykom, mag die Gees van God hulle gesond maak. In Jesus' Naam. Amen.

God seën hierdie my suster, en genees haar. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

God seën hierdie my broer, en maak hom gesond, in die Naam van Jesus Christus.

God seën ons suster soos ek hande op haar lê, in die Naam van Jesus Christus.

God seën hierdie moedertjie, in die Naam van Jesus Christus, en maak haar gesond.

Seën, Here, my broer, en genees sy liggaam.

Seën hierdie my suster, en genees haar liggaam, en maak haar gesond. Skenk dit, Here.

Seën hierdie my suster, en mag sy genees word, in die Naam van Jesus Christus.

Here God, seën hierdie my broer, en maak hom gesond, in die Naam van Jesus Christus.

Seën hierdie my broer, O Here, en gee hom sy versoek, in Jesus' Naam.

Seën my suster, Here, en gee haar versoek, in Jesus' Naam.

Net so, soos ek hande lê op my suster, in die Naam van Jesus Christus.

Here, seën hierdie my suster en maak haar gesond, in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God.

Goed, suster, dankie, baie.

178 Hoeveel glo dat Jesus Christus, die Seun van God, teenwoordig is? Hierdie is Sy werke, en dis groot in ons oë.

179 Suster, ek sien jou daar sit met daardie artritis in daardie rolstoel, ek kan jou nie genees nie, maar as jy 'n poging aanwend, kan jy loop. As jy net sal . . . Gaan jy? Goed, staan dan op, en begin loop, dis die enigste manier om dit te doen.

180 Wat van die res van julle, glo julle dat Jesus Christus, God se Seun, hier is om julle ook te laat loop?

181 Glo jy dat Hy hier is om jou te genees, jou uit daardie bed uit te neem, broer, en jou te genees? Glo jy dit met jou hele hart?

182 Nou, dis jou. . . Jy's die siek persoon, God is hier om jou gesond te maak as jy dit sal glo. Glo julle dit? Staan dan op julle voete, elkeen van julle, regoor die gebou. Lê julle hande oorkant op mekaar.

183 Daar's die vrou wat uit die rolstoel loop wat vir jare gebind was met artritis, loop vir haar eerste keer. Daar is dit. Staan op julle voete, almal. Daar's 'n vrou uit haar rolstoel uit, vasgekluister, wat daar gesit het vir jare, vasgekluister met artritis, wat loop in die Naam van die Here Jesus. Staan op julle voete en ontvang julle genesing. Ek verklaar julle genees deur die wonde en die Bloed van Jesus Christus.

(. . .?. . . die altaar-oproep maak, aangesien julle. . .)

59-0412E Wat Hoor Jy, Elía?
Angelus Tempel
Los Angeles, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org